Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

**NUUSBRIEF: 24 (31 Julie – 7 Augustus 2026)**

## *SPORT*

**DATUM VERANDERINGS:**
Let asb. op die volgende:

- Skaakproewe skuif na 15 Augustus te Bloemfontein.
- Trompsburg-tennistoernooi – 14 & 15 Augustus is gekanselleer.
- o/11 Krieket teen Ladybrand – 20 Augustus om 11:00 (tuis).
- o/13 Krieket teen Ladybrand – 25 Augustus in Bloemfontein.
- o/11 & o/13 Krieket teen De Aar skuif na 29 Augustus (De Aar).
- Vrystaat-landloop skuif na 12 September te UFS Bloemfontein.
- o/9 Krieket te Hartswater – 9 September. Plek sal bevestig word.
- Tennis teen Hartswater vind plaas op 27 Augustus.

Alle inligting is ook op die groepe deurgegee.

**RAISING STAR TENNISTOERNOOI**
**Datum : 6 Augustus**
**Tyd : 12:00**
**Plek : Stadion bane**
**Koste : R200 busgeld (Die toernooi is gratis)**
Sterkte aan die span wat gaan deelneem:
Blake Coertzen, Leevi Summerbee, Sebastian van Loggerenberg, Gerhard Kleynscheldt, Declan Marais, Joubert Weideman, CG Combrink, Divan Bann, Jason Britz, Luciano Pascoal, Tiaan Scheppel, Divan Roos, Ané de Wet, Jumari du Toit, Marianke Cloete, Nienke Gresse, Lillaina Reutener, Amoryn Bloem, Irma Strydom en Magriet Meintjes.

**LANDLOOP**
Baie sterkte aan die atlete wat Saterdag, 1 Augustus aan die distrik-landloopliga in Trompsburg gaan deelneem.

## LEERDERS

**NOORD-KAAP KUNSTEFEES (SENIORKOOR)**
Vind plaas op Woensdag, 5 Augustus te Kimberley. Ons tree om 10:30 op. Busgeld beloop R150. EFT asb. in die skool se rekening met u kind se naam en "koor" as verwysing. Bevestig asb. so gou as moontlik op die koorgroep of u kind met die bus gaan ry, as u dit nog nie gedoen het nie. Die bus se vertrektyd sal later op die koorgroep bevestig word.

**GRAAD 3 KOEKIEVERKOPING**
Bring Maandag, 3 Augustus 'n geldjie saam en ondersteun die gr 3-klas met hulle koekieverkoping.

**WOW DISTRIK WENNERS**

Baie geluk aan die volgende leerders met hul puik prestasies. Ons is trots op elke leerder wat deelgeneem het.

**Graad 1**
Driaan Botha – 2de plek
Stephan Swanepoel – 3de plek
Willem Schoonbee – 5de plek

**Graad 2**
Wandile Sangweni – 1ste plek
Hanre Nortier – 2de plek

**Graad 3**
Dawid Strydom – 2de plek
Frederik Botha – 4de plek

**Graad 4**
Leané van Wyk – 2de plek
Stephnie Lombaard – 5de plek

**Graad 5**
Zarah Faber – 1ste plek
JP Stander – 3de plek

**Graad 6**
Elizna Koen – 1ste plek
Mapaseka Pholo – 4de plek
Liahmé Williams – 5de plek

**Graad 7**
Cindeline van Wyk – 2de plek
Melindri Lombaard – 3de plek
Leevi Summerbee – 4de plek

Sterkte aan hierdie leerders wat deurdring na die Xhariep-byeenkoms wat op 13 Augustus in Trompsburg plaasvind.

**SA OLIMPIADE GRAAD 4 – 7**

Die leerders wat gekwalifiseer het en wel betaal het, skryf volgende week hierdie vraestelle in die afsonderlike klasse:

- EBW Gr 7 : 3 Augustus om 14:30 in mnr. Tait se klas.
- NW Gr 7 : 3 Augustus om 15:00 in mnr. Tait se klas.
- NWT Gr 4 – 6 : 3 Augustus om 14:30 in juf. Janine se klas.
- Wisk Gr 4 – 7 : 4 Augustus om 14:30 in mnr. Martin se klas.
- ENG Gr 4 – 7 : 4 Augustus om 15:15 in juf. Madeleine se klas

**CHAMPION OLIMPIADE GRAAD R – 3**

Ons nooi al die gr R – 3 maats uit om in te skryf. Gr R skryf net Afrikaans. Gr 1-3 kan self kies of hulle Afrikaans, Wiskunde of Lewensvaardighede wil skryf. Jy mag al 3 ook kies. Koste beloop R30 per vraestel. Leerders skryf Donderdag, 3 September in die klasse.
Inskrywings sluit Dinsdag, 11 Augustus. GEEN laat inskrywings sal aanvaar word nie.
Vul asb. die afskeurstrokie in en stuur ingevul, saam met bewys van betaling na die klasonderwyser. EFT asb. in die skool se rekening met u kind se naam en "olimpiade" as verwysing. Afskeurstrokies is ook aan leerders uitgedeel.

**INSKRYWINGSVORM CHAMPION OLIMPIADE 2026**

Naam van leerder: ____________________________________ Gr.__________

| | | | |
|---|---|---|---|
| Graad R | Afrikaans | R30 | |
| Graad 1 – 3 | Afrikaans | R30 | |
| | Wiskunde | R30 | |
| | Lewensvaardigheid | R30 | |

**(Merk toepaslike)**

Totale Bedrag: R____________ ________________________

Handtekening Ouer/Voog

**KONSERT**

Konsertklere/dekor gaan vir elke leerder R150 kos. Ons vra asb. dat die ouers dit na die registeronderwyser stuur, sodat ons vir ons kinders 'n onvergeetlike ervaring kan bied.

- Slegs kontant ASB! Moet asb. nie hierdie geld in die skool se rekening inbetaal nie.

Daar is tyd tot 1 September om dit te betaal. Baie dankie!

Die kaartjies vir die konsert sal eers vanaf 1 September te koop wees. Geen besprekings word gemaak voor dan nie. Verdere inligting daaroor sal later volg.

**CON SPIRITO KUNSWEDSTRYD**

Baie geluk aan die volgende 2 leerders wat aan hierdie wedstryd deelgeneem het:

- Leané van Wyk
  Redenaars – 92%, Gedramatiseerde poësie – 94%.
- Zanli van Wyk
  Gedramatiseerde poësie – 90%

**TJOKKERTONEEL**

Sterkte aan die toneelgroep wat Vrydag, 7 Augustus in Bloemfontein gaan deelneem. Dit sal goed gaan met julle. Julle is briljant!

**MENTAL MATHS**

Baie sterkte aan die leerders wat Donderdag, 6 Augustus in Edenburg gaan deelneem aan die distrikkompetisie.

## OUERS

**VERGADERINGS**

Ons herinner ouers aan die volgende vergaderings wat plaasvind op Maandag, 3 Augustus:

- Finansiële komiteevergadering – 12:00
- Beheerliggaamvergadering – 14:05

**PÊRELS EN POPPE DAMESOGGEND**

Vind plaas op 7 Augustus om 10:20 in die skoolsaal.

Dankie aan elke mamma wat kaartjies gekoop het om hierdie oggend saam met ons te geniet. Ons is baie opgewonde om vir Hykie Berg by ons te hê. Meer inligting oor die oggend sal op die graadgroepe geplaas word. Alle leerders mag met sivvies skool toe kom daardie dag. Dogters is welkom om saam met ons mammas mooi aan te trek en hulle mag ook elkeen hul gunsteling pop saambring vir hierdie vrouedagviering. Seuns trek ook sivvies aan, al woon hulle nie die oggend by nie. Vir hulle is daar manne planne in plek vir die dag.

……………………...
T.E. MOSTERT

**GEBEDSLYS:**

Janré du Plessis (ma in hospitaal)


GRAAD 3
KOEKIE VERKOPE!
KOM KOOP IETS LEKKERS!
3 Augustus 2026
pouse
MOENIE UITMIS NIE!
KRY JOU GUNSTELINGE VOOR DIT OP IS!
ONDERSTEUN ONS GRAAD 3 FONDSINSAMELING!

Est. 2016
STINGRAYS
See me FLY!

# Nuwe SWEMMERS WELKOM!

## WORD DEEL VAN DIE STINGRAY-FAMILIE!



Of jy nou net begin swem of jou tegniek wil verbeter – by Stingrays neem ons jou na die volgende vlak!

### ONS KAN NIE WAG OM JOU IN DIE SWEMBAD TE SIEN NIE!





- Leer om te swem
- Neem deel aan galas
- Skoolswem
- Dissipline • Vriendskap Selfvertroue
- Pret vir almal!

**DUIK IN. WEES 'N STINGRAY!**

*SWEMSEISOEN: SEPTEMBER TOT MAART*



VIR MEER INLIGTING

KONTAK ONS: 071 864 5652 / 079 897 7608

See me FLY!